

RESTORICA

SUMMER 1991 SOMER



- *Conservation priorities of cultural groups in SA*
- *The Civic Spine controversy in perspective*
- *We need to see the present with hindsight*
- *Die media en bewaring*



Thomas Bowler: Botanical Gardens. 1865. Watercolour. 45,7 x 30,5 cm.

An art collection of this size is more than a cultural asset to the community, it is an investment in the future.

Thomas William Bowler is one of South Africa's top pictorial historians, having recorded the people and events of the Cape of Good Hope in the early and mid-nineteenth century. He also travelled extensively, depicting the local scenes of the Eastern and Western Cape and Natal.

The site of his Wale Street studio forms part of Metropolitan Life's head office. The company wanted to retain this link with Bowler by collecting his paintings – today the collection comprises 74 of Bowler's works, making it one of the largest and most valuable private collections in South Africa. The public are given the opportunity to view Bowler's work when the collection is exhibited at galleries around the country.

We at Metropolitan Life see the Bowler collection as an inestimable cultural asset, held in the interests of the people of South Africa. What better investment in the future?



Dynamic answers for real people.

RESTORICA

SUMMER 1991 SOMER

Stigting Simon van der Stel Foundation

*Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk ·
Incorporated Association not for gain.*

Opgerig · Established

8 April 1959. Reg No 60/00005/08

Magtigingsnommer · Fundraising number

FO 2 200215 000 8

Adres · Address

*Posbus · PO Box 1743
Pretoria 0001
(012) 326-6748, 326-8651*

Nasionale Raad · National Council

Nasionale Voorsitter · National Chairman

Dr WA Cruywagen

Nasionale Ondervoorsitter · National Vice-Chairman

Mev/Mrs G Coetzee

Kaapprovinsie · Cape Province

*Mev/Mrs G Giannelos
Mnr/Mr A Herboldt
Mnr/Mr L Müller
Mev/Mrs H Naude
Mnr/Mr MF Smuts*

Oranje-Vrystaat · Orange Free State

Mnr/Mr A Kuijers

Transvaal

*Mnr/Mr A Holm
Dr FJ Mülke
Mnr/Mr H Prins
Mnr/Mr J Snyman
Mnr/Mr BJ van der Walt*

Direkteur · Director

Mev/Mrs A Japp

Redakteur · Editor

Wilma de Bruin

Subredakteur · Sub-editor

Lisel Krige

Uitleg · Layout

Neels Bezuidenhout

Redakteursnota	3
Stigting Simon van der Stel — Quo Vadis?	4
'n Hersiene benadering	7
Conservation priorities	8
The Civic Spine	12
Die media en bewaring	20
Conserving the architectural heritage in Harare	22
Conservation in the “new” South Africa	28
Restoration and functionality – a partnership	30
Die Karoohuis op Smithfield	32
Macrorie House finds a new owner	36
The Gandhi House	38
Kapitalisme en bewaring – tweestryd vs samewerking	40
Conservation and the private sector in the Eastern Cape	42
We need to see the present with hindsight	46



Soos water vir die dorre aarde ... Só bring Sanlam se beleggings voorspoed en groei.

Kom ons staan 'n oomblik stil en dink na oor die reën.

Kyk hoe miljoene druppels saamval tot stroompies ... en stroompies saamvloei tot 'n rivier ... wat uitloop in 'n dam ... hoop, groei en nuwe lewe ...

'n Lewende les wat al Sanlam se werksaamhede rig van ons in 1918 tot stand gekom het. Want deur die jare het die miljoene hydraes van ons poliseienaars opgedam tot 'n magtige bron van gemoedsrus oor môre ... van vooruitgang en voorspoed.

Wat Sanlam anders maak as die meeste ander maatskappye. Ons is immers 'n onderlinge maatskappy – sonder enige aandeelhouders. Ons poliseienaars is ons lede en ons mede-eienaars. Net aan hulle behoort Sanlam. En net hulle deel in die winste.

Maar 'n belegging by Sanlam beteken ook 'n belegging in ons land, ons mense, ons toekoms. Want ons rivier van fondse vloei dwarsdeur ons land – tot voordeel van almal wat hier woon. Daarom dra Sanlam vandag by tot groei in bykans elke faset van ons ekonomie. Deur ondernemings te vestig en uit te bou, welvaart te skep – en honderde duisende

werkgeleenthede.

Ons lei water na vrugbare aarde ... en ook waar daar dors is. Só ondersteun ons meer as 120 universiteite, teknikons en kolleges in Suider-Afrika wat ons jeug toerus vir die pad vorentoe. Ons help ook om die wêreld van geletterdheid te ontsluit vir hulle wat nog in die duister leef.

Daarby is ons groep een van die grootste beleggers in die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie om belowende entrepreneurs op die been te help.

Ons lewer ook 'n kragtige bydrae om die behuisingsnood te verlig – deur onder meer 'n waarborgfonds wat mense met 'n lae inkomste in staat stel om huislenings te bekom.

Boonop onderskraag ons sowat 30 welsynsorganisasies. En ons bevorder mediese navorsing, kulturele bedrywighede, natuurbewaring, kuns, letterkunde, sport en opleiding ...

Daarom is 'n Sanlam-polis die simbool van ons strewe om u toekoms doeltreffend te verseker – en ook die toekoms van ons land en al sy mense.

Wat 'n mens weer laat dink aan die reën.



Sanlam

Waar u toekoms tel

Redakteursnota

DIE meeste Suid-Afrikaners is diep bewus daarvan dat Suid-Afrika die afgelope twee jaar waarskynlik aan meer en ingrypende veranderings blootgestel is as in enige ander stadium van die land se geskiedenis. Dié snelvuur van verandering het druk bespreking onder Suid-Afrikaners uitgelok. Onsekerheid oor groot en draende waardes wat tot in die hart van menswees gryp, heers oor 'n wye front en word feitlik daaglik gedebatteer.

Terwyl die onderhandelingsproses die politieke gesprek oorheers, sentreer besprekingspunte in kultuur- en bewaringskringe/organisasies om die toekoms van kultuurhistoriese bewaring in Suid-Afrika en hoe bewaring dinamies deel van 'n nuwe Suid-Afrika kan wees. Reeds in 1988 het die konferensiegangers by 'n konferensie oor kultuurbewaring in Kaapstad, 'n verklaring uitgereik waarin sekere algemene beginsels vervat is wat onder meer bepaal dat

- die kultuurerfenis as 'n verenigde krag in Suid-Afrika erken en versterk moet word;
- elke gemeenskap die geleentheid gebied moet word om sy kultuur te bewaar en te ontplooi, sonder dat die een kultuurgroep die ander oorheers; en
- die kultuurerfenis vir almal toeganklik moet wees sodat wedersydse begrip tussen kultuurgroepe bevorder en kulturele interaksie vergemaklik word.

In hierdie uitgawe van *Restorica* vind dié beginsels duidelik weerklank in die aktuele boodskappe van dr. Willem Cruywagen, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel (p4) en mnr. Kobus Meiring, Administrateur van Kaapland (p7), wat die noodsaaklikheid beklemtoon dat daar in die toekoms veel wyer na kultuurhistoriese bewaring gekyk sal moet word en dat alle groepe se erfgoed bewaar moet word.

Maar wat presies is die bewaringsvoorkeure van ander kulturele groepe? Lees gerus wat verteenwoordigers van die PAC, die ANC, asook die Indiër- en Kleurlinggemeenskap daarvoor te sê het (p8).

Die praktiese toepassing van bewaring in 'n nuwe Suid-Afrika word deur mnr. Graeme Binckes, direkteur van *The Cape Town Heritage Trust*, onder die soeklig geplaas in 'n artikel onder die opskrif *Conservation in the New South Africa* (p28).

Ook van besondere relevansie in die huidige tydsgewrig, is die nuttige "vennootskap" tussen bewaring en restourasie aan die een kant, en bruikbaarheid aan die ander kant, soos toegelig deur die Pretoriase argitek, mnr. Albrecht Holm (p30), die stryd tussen kapitalisme en bewaring (p40), die rol wat die media in die bewaringstryd in Suid-Afrika kan speel (p20) en die bydrae van

die private sektor tot bewaring in die Oos-Kaap (p42).


In die lig van Afrikane se gemeenskaplike lotsbestemming, is dit interessant om te weet hoe dit met argitektoniese bewaring in Zimbabwe gesteld is sedert die bewindsaanvaarding van pres. Robert Mugabe. Mnr. Peter Jackson, argitek en ere-adviseur vir die bewaring van historiese geboue in Harare, gee sy mening (p22).

Die 'ruggraat'-ontwikkeling in die Johannesburgse middestad het 'n yslike polemiekketen. In 'n omvattende artikel (p12) word dié ontwikkeling, asook die uiteenlopende menings wat dit uitgelok het, onder die loep geneem.

Argitektuur moet holisties benader word – die verlede, hede en toekoms moet by beplanning en bewaring in berekening gebring word, sê prof. Robert Brooks van die Universiteit Rhodes in 'n artikel onder die opskrif, "We need to see the present with hindsight" (p46).

Ander insiggewende leestof in hierdie uitgawe is die uiteindelijke verkoop van Macrorie-huis (p36), die interessante geskiedenis van die Gandhi-huis in Troyeville, Johannesburg (p38) en die ontwikkeling van woonhuise in die Vrystaat, met spesiale verwysing na die Karoohuis op Smithfield (p32). ■

Voorblad: 'n Gedenkteken aan die seekant in Port Elizabeth – 'n goeie voorbeeld van idiosinkratiese argitektuur.



Stigting Simon van der Stel



Dr. Willem Cruywagen
Nasionale Voorsitter,
Stigting Simon van der
Stel

IN die toekoms sal daar met 'n veel wyer blik na die bewaring van ons kultuurhistoriese erfenis gekyk moet word, meen dr. Willem Cruywagen, nasionale voorsitter van die Stigting Simon van der Stel.

"Daar moet toegegee word dat bewaringsinstansies in die verlede miskien te 'blank-sentries' gerig was. Dit is nie net die blankes se kultuurgoed of sy nalatenskap wat volkseïendom is nie. Daar is baie ander mense wat hierdie bodem met ons deel, wat op hul beskeie manier ook hul eie kultuurhistoriese nalatenskappe het.

"Dit kan 'n swart kaptein wees wie se naam ons dalk nie eens ken nie, maar dáár staan sy huisie en dit beteken vir sy mense iets. Daar is immers die eenvoudige plekkies, die hartbeeshuisies waaruit die Paul Krugers gekom het, in ons geskiedenis. Ons moet ons gesigveld verbreed en meer kennis neem van dít wat bewarenswaardig is in 'n ander kultuurgemeenskap."

Die identifisering van ander groepe se bewaringsbehoefes moet egter met groot omsigtigheid aangepak word. "Ons moet versigtig wees dat óns dit nie gaan identifiseer nie. Ons moet ander groepe betrek, sodat hulle kan deel hê aan die identifisering van dít wat hulle graag wil bewaar, dit wat hulle glo is van belang."

Hy vertel van 'n besoek eenkeer aan die Griekwagemeenskap by Kranshoek, naby Plettenbergbaai. Hy was beïndruk om te sien hoe hulle die graf van die ou stamvader, Le Fleur, in stand gehou het. "Toe sê een van die afstammelinge vir my: 'Meneer, dit hoort so. Want as jy nie 'n come from het nie, het jy nie 'n go to nie.' Nou, dan praat ons mos dieselfde taal."

Hy is egter huiwerig om te veel te roer aan dié saak, omdat dit verwagtinge kan wek wat teleurgestel kan word. Hy meen egter die Streekdiensterade kan dalk 'n goeie beginpunt wees. Almal wat belang het by die gemeenskap – wit, swart en bruin – word immers daarop verteenwoordig.

"Al is daar diversiteit in Suid-Afrika, en al het ek méér gevoel vir dít wat in my eie gemeenskap gebeur het, kan ek nie ontken dat daar ander kultuurgroepe is wat ook hulle kultuurgoed het waaroor hulle meer voel as wat ek voel nie, maar alles saam is dit die totale kultuurbesit van gans Suid-Afrika. Ek sou graag wou hê daardie leiers wat in die Streekdiensterade dien, moet betrek word. Hulle moet sê waar is húl kosbare kultuurgoedere. Ons sal egter die aanskakelplekke moet gaan soek. Dit kan met individue wees, of met organisasies."

Hoe vatbaar is ander bevolkingsgroepe vir die boodskap van die noodsaaklikheid van kultuurhistoriese bewaring?

"Daar is wel 'n mate van antagonisme, omdat bewaring vir so lank 'n blanke kleur gehad het. Maar ek is baie optimisties. Mnr. Mandela het al gesê daar is plek vir kultuurgroeperinge, vir daardie dinge wat jy nie van mense kan wegneem nie.

"Dit ly by my nie twyfel dat dít wat ons tot hiertoe bewaar het, nou sommeer vernietig gaan word of totaal gaan verval nie. Ek glo dat die mense van Afrika al geleer het dat jy nie sommeer aan kultuurbesit moet peuter nie. Maar dan moet ons ook 'n aanvoelbare geloofwaardigheid gee dat ons ook ernstig is oor hul kultuurgoedere. Al is dit ook eenvoudig – dit is maar soos ons ook begin het."

Hoe gaan die vonkie van bewaring aan die gang gehou word in 'n tyd dat daar ander dringende brandpunte soos die onderwys en behuising is?

"Daarmee sal plaaslike owerhede die leiding moet neem, want hulle verteenwoordig tog die gemeenskappe. As ek in 'n gebied woon en ek weet van 'n huis wat bewaar moet word, dan moet ek dit vir my plaaslike owerheid sê.

"Mense moet net wakker gehou word ten opsigte van bewaring. Selfs die landbou-unies kan 'n rol speel. Plaaslike owerhede kan opnames doen van wat bewarenswaardig in hul regsgebied is. Die RNG of die Stigting het nie die mannekrag om dit te doen nie – ons kan net raadgee met vakkundige kennis.

"'n Mens moet kan sê ter wille van my gemeenskap wil ek nie sien dat dit verdwyn nie. Individue moet betrokke raak. En ons sal hard moet werk aan betrokkenheid. Ons sal amper 'n nasionale aksie aan die gang moet kry om mense te laat beseft hulle gaan dinge verloor waaroor hulle agterna baie spyt gaan wees."

Dit is onweerlegbaar so dat ons mense bra onverskillig staan teenoor hul erfenis. Hy het destyds omtrent man-alleen baklei in die stryd om die Wesfasade op Kerkplein te behou. "Ek wou soms huil, want jy weet nie eens met wie om te praat nie. My probleem met ons volk is dat ons wel 'n aanvoeling vir bewaring het, maar ons is onbetrokke totdat die gevaartekens kom. Dan agiteer ons en begin die stem verhef. Maar die stryd moet reeds op voetsoolvlak aangepak word, dáár het ek hulp en betrokkenheid nodig."

En omdat dinge aan die verander is, is 'n mens onseker hoe die gevoel jeens bewaring vorentoe gaan wees. Daarom is groter gevoeligheid op die grondvlak noodsaaklik, sê hy.

Suid-Afrika het egter 'n agterstand by die res van die wêreld wat betref die bewaring van sy erfenis, sê hy. En die klem val ongelukkig te veel op die bewaring van die natuur- en dierelewe, terwyl kultuurhistoriese erfgoed 'n bietjie eenkant

— Quo Vadis?

Wilma de Bruin het met dr. Cruywagen gesels oor kultuurhistoriese bewaring in die toekoms en die rol van die Stigting vorentoe.

toe geskuif word.

So het die bewaring van die swart renoster die verbeelding aangegryp en borge gelok. "Daar is egter geboue wat net so waardevol is soos die renoster en wat vir ewig kan verdwyn, maar dit gryp nie die verbeelding so aan nie.

"Daar is 'n wanverhouding tussen natuurbewaring en suiwer kultuurbewaring. Die twee is aanvullend. Die een is die natuur, deur God geskape, en die ander is deur die mens tot stand gebring. Sy kultuurskeppinge kom plaas hy binne hierdie natuurlike omgewing. Dit het 'n plek daar.

"Maar dié spore wat die mens deur die geskiedenis geloop het, kry baie keer nie genoeg aandag nie. As dit kom by geldskenkings, word veel meer geld vir natuurbewaring as vir die bewaring van ons kultuurhistoriese erfenis gegee. Daar moet myns insiens 'n meer gebalanseerde aanvoeling ten opsigte van die totale omgewing wees. As kultuurbewaring agterbly, moet daar metodes gevind word om dit na vore te stoot en dit meer prominensie te gee."

Sal dié wanbalans nie verbeter as mense oortuig raak van die bruikbaarheid van bewaring nie, soos met die Victoria en Alfred Waterkant in Kaapstad? "O ja, ons moet nie gaan bewaar met die idee hier kom nou nog 'n museum met 'n klomp stoele en jonkmanskaste nie. Daardie goed het hulle plek, maar dit moet benut word."

Hy glo die Stigting het as bewaringsliggaam tot dusver 'n baie belangrike taak vervul. "Die Stigting is darem nou al 'n hele klompie jare gevestig, dus ken hy die speelveld redelik goed. Ek dink 'n mens kan die Stigting versterk, maar nie ten koste van ander instansies nie, want daar is ook baie kleiner bewaringsinstansies en kultuurliggame wat 'n bestaansreg het.

"Ons praat nie daarvan om die Stigting uit te bou en sterker te maak om ander hul plek te misgun nie. Maar dit is nog altyd 'n voordeel as jy 'n groot en sterk, private bewaringsinstansie het, want hy kan met 'n sterk stem praat. In die verlede is die Stigting baie in ag geneem juis omdat hy 'n goeie rekord en 'n sterk stem het."

Hy wys daarop dat die Stigting wel probleme het en dat dit grootliks om geld draai. "'n Mens het probleme om die Stigting in status, aansien en omvang te laat groei. Een daarvan is natuurlik finansies. As dit ekonomies swaar gaan, moet baie van hierdie dinge wat 'n gevoels-, geestelike of kulturele inslag het, 'n bietjie wag.

"Die Staat moet uiteraard dinge teen mekaar opweeg, maar ook in die private sektor is geld skaars. Die ander probleem is dat bydraes vir iets soos sport baie meer blootstelling kry as wat kulturele en bewaringsdoeleindes sou kry."

Wie se verantwoordelikheid is dit om te sorg

dat ons erfenis vir die nageslag bewaar bly?

Hy glo beslis nie dat mense van die Staat moet verwag om alles te doen nie. "Dit is eintlik volkseïendom, daarom moet die burgersy besonder betrokke wees by bewaring.

"Die Staat het natuurlik ook 'n verantwoordelikheid en omdat 'n mens daarvoor begrip het dat dit soms vir hom moeilik gaan en hy prioriteite teen mekaar moet opweeg, dink ek die Staat kan sy taak aansienlik verlig deur geldelike skenkings vir bewaring aftrekbaar te maak van inkomstebelasting. Daar kan sekerlik 'n formule uitgewerk word."

Hy speel ook met die idee van 'n trustfonds vir die Stigting, maar daar moet nog baie dink- en doenwerk in dié konsep ingaan, sê hy.

Het die Stigting 'n rol in die nuwe Suid-Afrika, en hoe lyk daardie rol?

Daar is baie kommer oor die hele kwessie van kultuurhulpbron-bestuur. In hierdie gesprek moet die Stigting egter altyd sorg dat hy by is, glo hy. Die Stigting moet sy plek vind en hy moet volgens sy siening ook insette lewer oor hoe hy glo die beste manier is om dié dinge te bestuur.

Met ander woorde – om die onderhandelingsstafel? "Ten opsigte van kultuurhulpbron-bestuur het ek nog nie duidelikheid oor wie die stem gaan wees wat om die onderhandelingsstafel daaroor gaan praat nie.

"Dáár gaan dit oor politieke partye wees en nie oor kultuurgroepe nie. Die Staatspresident het weliswaar al by geleentheid gesê as dit kom by Afrikaans, laat hy sy stem hoor. Ek weet nie of 'n mens hom met die bewaring van ons kultuurhistoriese erfenis moet belas nie. Maar dit kan ook nie agterbly of weggewens word nie, dit is dáár.

"Daar is selfs op die politieke gebied onsekerheid oor hoe dié kwessie binne die staatsbestuur gehanteer gaan word. Ons sal by geleentheid ook 'n inset moet maak. Ek weet nie of dit genoegsaam sal wees om net by die Presidentsraad 'n stem te laat hoor nie."

Hoe sien hy die Stigting se taak en rol vorentoe? "Ek dink die Stigting moet nog uitgebou word. Sy omvang en finansies moet in pas gebring word sodat hy doeltreffend kan funksioneer. As 'n instansie aansien wil afdwing, moet 'n mens hom kan respekteer. Hy moet 'n stempel van voortreflikheid en kwaliteit hê, anders word hy geïgnoreer. My leuse was nog altyd: Niemand het nog ooit klandisie verloor omdat die kwaliteit te hoog of die diens te goed was nie!" ■

“INDUSTRY HAS THE KNOWLEDGE AND EXPERTISE TO LEAD THE FIGHT AGAINST ENVIRONMENTAL DETERIORATION. FOR FAR TOO LONG, IT’S BEEN REGARDED AS THE ENEMY OF THE ENVIRONMENT. WE MUST CORRECT THIS MISCONCEPTION AND BE SEEN AS THE NATURAL STARTING POINT TO CREATE HARMONY BETWEEN CONSERVATION AND DEVELOPMENT. ENVIRONMENTAL MANAGEMENT IS SOUND BUSINESS MANAGEMENT.”

– IAN MCRAE
CHIEF EXECUTIVE ESKOM



Alle groepe se erfgoed moet bewaar word

'n Hersiene benadering

Suid-Afrika se ryke verskeidenheid van mense het, saam gesien, 'n ryke geskiedenis. Daarom moet ons na die beste van ons vermoë probeer om die erfgoed van *alle* bevolkingsgroepe te bewaar – veral geboue, wat by uitstek 'n weerspieëling is van die tydsgees en milieu waarin dit tot stand gekom het."

Só het mnr. Kobus Meiring, Administrateur van Kaapland, vroeër vanjaar by geleentheid van die algemene jaarvergadering van die Stigting Simon van der Stel gesê.

"Baie van ons het deur die jare beweer dat die instandhouding van ons belangrikste waardes in 'n komplekse land soos Suid-Afrika, net moontlik kan wees deur middel van beskermende wetgewing. Die mening was dat die waardes van die verskillende bevolkingsgroepe só uiteenlopend is dat daar haas geen gemeenskaplikheid is nie."

Sommige Suid-Afrikaners het egter reeds lankal besef of vermoed dat dié mening uit pas is met die realiteite in Suid-Afrika.

"Wat egter belangrik is, is die toenemende aanduiding dat baie van ons ons vergis het – dat Suid-Afrikaners veel meer gemeen het as wat onsself oor die jare heen wysgemaak het.

"Maar, aan die ander kant, het ons hoegenaamd nie sekerheid oor die werklike verskille in waardestelsels nie."

Volgens mnr. Meiring is ons vir seker op pad na 'n samelewing waarin die behoud van ons waardestelsels nie deur landswette beskerm sal word nie, maar sal afhang van ons vermoë om dit lewend te hou. Dit geld alle Suid-Afrikaners oor die lengte en breedte van ons land.

"Ons is besig om weg te beweeg van 'n samelewing waarin waardes sinoniem was met velkleur en ná 'n samelewing waarin waardes sinoniem sal wees met menswees."

Volgens mnr. Meiring lê die implikasies hiervan voor die hand.

Die samelewing van die toekoms sal aandui of die waardes wat ons tot nog toe bely het, werklik vir ons waardes was en sal ook uitsluitel gee oor die ooreenkomste én verskille in die waardestelsels van die onderskeie komponente.

"Dit hoef ons nie as 'n beklemmende bedreiging te beskou nie, maar liefers as 'n bevrydende geleentheid."

Dit lê nie in die verre verskiet nie, het mnr. Meiring gesê, maar is nou reeds hier en dit bestaan daarin dat ons nou reeds vir onself duidelikheid sal verkry oor dít wat werklik vir ons saak maak, wat sin aan ons lewe gee en waarvan ons nie bereid is om afstand te doen nie.

Ons sal nou reeds moet begin om daardie waardes in baie duideliker terminologie as in die verlede te omskryf. So nie, gaan misverstand oor

terminologie vir baie mense groot ontnugtering bring, én kan dit die bouproses van 'n nuwe samelewing onherstelbare skade berokken.

"Dit bestaan, ten derde, daarin dat ons meer as tevore die waardes waarin ons glo, nie net sal bely nie, maar ook sal uitlééf – dit is die enigste wyse waarop ons hul voortbestaan sal verseker.

"As die demokrasie werklik vir ons 'n ononderhandelbare waarde is, dan sal ons soos demokrate moet optree en dan is daar geen plek vir eensydige besluitneming of oorheersing nie. Nie eens op 'n verbloemde wyse nie.

"As die Christelike waardestelsel vir ons ononderhandelbaar is, dan sal ons lewe daarvan moet getuig en dan is daar geen plek vir meerderwaardigheid of vir selfbevoordeling nie. En as vryheid 'n ononderhandelbare waarde is, dan sal ons moet besef dat vryheid nooit onbeperk kan wees nie, en dat vryheid altyd verantwoordelikheid meebring. Vryheid kan nooit wetteloosheid wees nie."

Mnr. Meiring het voorts gesê die Stigting Simon van der Stel is een van dié instellings wat sy stempel op 'n heel besondere wyse op die samelewing afgedruk het.


Dit is 'n instelling wat hom onderskei het vanweë sy vermoë om hom besig te hou met dít wat van blywende waarde is, sensitief vir die erfenis van die verlede, en weet dat die toekoms net behoort aan diegene wat geleer het om dít wat mooi is uit die verlede te koester.

Die Stigting het ook die deurstellingsvermoë om andere te oortuig van die verdienste van hul saak, die wil om daadwerklik op te tree en is 'n instelling wat op 'n onbaatsugtige wyse 'n diens aan die gemeenskap en nageslag lewer terwyl hy dikwels nie eers erkenning daarvoor kry nie.

Hy het geen twyfel oor die waardevolle werk wat die Stigting doen nie: "ons geboue-erfenis is immers 'n pragtige en kosbare kleinood uit die verlede, en daarom is die bewaring daarvan so nodig. Tog is dit van die uiterste belang dat ons ook andere van die verdienste daarvan sal oortuig sodat dit ook vir hulle van waarde sal wees én sodat hulle ons pogings sal steun.

"Natuurlik is nie alle ou geboue mooi en bewarenswaardig nie. Die feit van die saak is dat ons al die moontlike moet doen om dít wat wel die goeie uit ons verlede simboliseer, vir die nageslag te behou.

"Dit is te verstane dat hedendaagse geboue moet voldoen aan die vereistes van 'n moderne samelewing, maar dit sou tragies wees indien pragtige ou geboue bloot om kortsigtige en ondeurdagtige redes met die aarde gelyk gemaak word. Ons durf nie 'n nuwe samelewing bou op die puin van dít wat werklik mooi was nie." ■



Mnr. Kobus Meiring
Administrateur van
Kaapland

Conservation Priorities

PAC

THE PAC understands culture as the ideological reflection of the social, political and economical situation in a country. Therefore any cultural work should be linked to the people's material life."

This is the view of the PAC, as explained by Mr Fitzroy Ngcukana, cultural representative of the organization.

Speaking on the PAC's cultural policy and its views on restoration and conservation of historical buildings and monuments, he said "if you have a monument, it should be linked to the population as a whole and not anger a certain section of the population".

"For instance, a lot of black soldiers lost their lives during the Second World War. To tell the truth, they were often used as cannon fodder. But the local monuments to fallen soldiers of the Second World War only bear

the names of whites."

Mr Ngcukana mentioned the example of the 'Mendi', a ship full of blacks on their way to fight on the Allied side during the Second World War, which was sunk in the Atlantic Ocean by the German forces. Today there is no monument of this ship and no replica to be found.

"If the PAC were to build a monument, it would be for the people fallen for liberation," says Mr Ngcukana. "It would show our children that we were part of history and not only spectators."

"In general we believe existing buildings should not just be perpetuated to show that the people who colonized this country, lived here, like the Settlers' Monument in Grahamstown. Those buildings should stay to show our children how our oppressors lived. We will not demolish them, but new buildings and monuments should be erected alongside them to show our side of history and to celebrate our heroes," explains Mr Ngcukana.

Continued on page 10

House of Delegates

CULTURAL items of local (or ethnic) and national value should be preserved, at State expense, so long as they generate solidarity among peoples regardless of their personal political persuasions. That is the cultural and historical policy of the Solidarity Party of South Africa, as put forward by Dr K. Rajoo, Minister of Education and Culture in the House of Delegates.

"At the outset, I must state that the Solidarity Party of South Africa rejects off-hand any form of iconoclasm. Rather, it firmly believes in the restoration and conservation of the cultural heritage of all peoples who constitute the permanent population of this land, namely the major Black groups, the English- and Afrikaans-speaking groups, Coloureds and Indians.

"The restoration and the preservation of cultural items must be seen on two levels. There are worthwhile cultural items dear to specific ethnic groups and there are those items that transcend origins to assume national and international importance.

"In whatever new political dispensation will prevail in the country as a whole shortly, and whichever political or racial grouping may dominate, I believe that the local and the national cultural items of importance or value must be preserved at State expense. Regrettably, this is not the case today.

"In our country, it is a sad fact of history that all the rallying points of national pride are from the perspective of the Whites. Monuments to great leaders and soldiers, names of major cities, streets and airports, school and history books and etiquette – to mention only a few examples – are by Whites for the exclusive edification of Whites.


"My Party will consider it an injustice if, on the national level, the ruling political party imposes its cultural and historical conceptions on the rest of the population.

"There is ample evidence of this sad fact in countries across the world over many centuries. The new South Africa will be ideally positioned in both geographic space and time to stop this form of iconoclasm.

"In view of this standpoint, where does the minority group of Indian South Africans stand?

"They were brought to South Africa as indentured labourers from 1869 onwards to help to improve the economy of the country through the sugar industry. A glance at the statistics of

Continued on page 11



Fitzroy Ngcukana of the PAC in front of a building in Commissioner Street, Johannesburg, which was demolished but for the the façade, which will be restored and incorporated in the new building

Up to now the preservation and conservation of South Africa's natural and cultural heritage basically reflected the legacy of the white population. In order to establish a just and democratic South Africa, the preservation preference of other cultural groups will have to be incorporated in an encompassing preservation approach. In the following article, spokesmen for the PAC, the ANC, the House of Representatives and the House of Delegates give their views on conservation.

ANC

EVEN much probing could not draw concrete statements from the ANC about its future cultural policy, preferential cultural or historical projects or about the buildings and monuments they would like to conserve or erect.

When approached by a staff journalist from *Restorica* Mr Oupa Ramachela, media officer in the Department of Art and Culture of the ANC replied: "The ANC has not yet got a firm cultural policy. At present, the organization is operating on broad guidelines. A better defined cultural policy will emerge from the discussions which will have to be held with representatives of all the various relevant groups in future.

He added that "the ANC believes that a cultural policy should be informed by democratic, non-sectarian, humanist principles which should not only take local factors into account, but which should also recognize contributions and influences from countries all over the world."

According to Mr Ramachela, guided people will decide which existing historical monuments should be preserved and whether and which buildings and monuments should be erected.

"This needs thorough studies. Any decisions and actions taken will have to be sensitive to the aspirations and needs of the people. It is a question of representing the history and the aspirations of the people," Mr Ramachela added.

Mr Ramachela agreed that different cultural groups have different restoration and conservation preferences and that no single building or monument could represent the history and aspirations of all the different people of South Africa. He added that studies and consultations will have to be done with involved parties to determine the preferences of different groups.

He added that the existing museums have neglected the black history, arts and crafts. A programme to train people from the townships how to restore and conserve these and how to run museums will have to be introduced. Cultural courses at school level should be considered for children in townships to teach them an appreciation for their history, culture, arts and crafts. All these should be done in order to sensitize the black community to the value of museums and to appreciate their own culture and historical background.

Mr Ramachela said there is as yet no law in this country protecting arts and crafts. The ANC will push for such a law which would also make the export of arts and crafts of a certain age illegal. ■

House of Representatives

THERE is no place in a new South Africa for the existing symbols, says Mr Tommy Abrahams, MP for Wentworth. He spoke on behalf of the Minister's Council on this body's view regarding cultural-historical conservation.

If a new, non-racial, democratic society must develop in the creation of a new South Africa, there must be a total break with the racist past, he insists. "A new society will record history differently and it stands to reason that new symbols will arise which reflect the character of the new society.

"The cultural heritage of a society arises from the recorded history of the country. Jan van Riebeeck, therefore, is revered as the founder of South African civilisation and everything that happened before 1652 is blacked out as barbaric and uncivilized.

"Buildings, statues, street-names and other symbols are used to advance the notion that white people nobly braved the stormy oceans to save the indigenous people. The symbols serve to give credence to the false perceptions which exist because of the strong bias with which history is recorded in South Africa.

"Man-made monuments have been created to honour the role played by white people in Southern Africa since their arrival at the southern tip of Africa. Streets, railway stations, government buildings, airports and squares bear the names of people who are seen as heroes by people who accept the history as presently recorded as a true account of our past.

"The hurt felt and the offence taken at the veneration of figures in the past by those who conceive those 'heroes' as oppressors, must be taken into account." ■



Mr Tommy Abrahams,
MP for Wentworth in the
Minister's Council

PAC (continued from page 8)

"In Grahamstown there should be a monument for Makhanda, who fought against the colonialists. He was the first man to be held prisoner at Robben Island, after he handed himself over in the 1850's.

"The prisoners at Robben Island built a statue of him on the island, and one day we would like to conserve Robben Island as a museum. We will rename it the Island of Makhanda."

Mr Ngcukana continues: "We will also try to correct false versions of history. For instance, it is said that Makhanda drowned while trying to escape from Robben Island. But I doubt that. He was a Xhosa Igqirha (medicine man). Most of them can swim well as they often collect

plants and other items from rivers.

"Another aspect of our cultural policy includes the changing of place names to the originals. A lot of whites, like Piet Retief, named places after themselves. Those valleys already had established names, though the cities of today might have been built by whites."

For instance the PAC would like to change the following and others to their original names:

- Pretoria to Tshwane (Pedi);
- Bloemfontein to Mangaung (Sotho);
- Fish River to Nxuba (Xhosa);
- Orange River to Senqu (Sotho) or Gqili (Xhosa);
- Witwatersrand to Gamogale (Sotho);

- Drakensberg to Inndaba Zokhwahlamba (Xhosa); Mathole (Xhosa), Maluti (Sotho) or Gqili (Xhosa);

- Ladysmith to Mnambithi (Zulu); and
- Wenen to KwaNabamba (Zulu).

The PAC would also like to preserve natural phenomenon like caves and the living places as well as paintings of the Khoi-Khoi.

"People who spray paints there, probably want to hide the fact that people lived there before the whites arrived. Like a lot of history books would also like us to believe," Mr Ngcukana remarks dryly.

As far as the erection of monuments is concerned, the PAC would like to see the erection of a monument to honour Steve Biko in his hometown, King Williamstown.

Another possibility to consider, was the erection of a monument to the arts, probably a building, in Sophiatown, to honour the artists who lived and performed in this one-time hub of South African art. Such a building could contain statues or paintings of great artists, living and dead – people like Nat Nakassa, Bloke Modisane, Kippie Moeketsie. It could also be used for the promotion and teaching of art.

The PAC would furthermore consider the establishment of a hero's acre in Pretoria, as many decisions about Apartheid were made in the capital city. "This will of course be done after consultations with all the involved parties," says Mr Ngcukana.

He explains that the PAC has a "universal approach" to race, according to which the white Afrikaners are seen as part of the African group.

"Therefore we will not exclude our racist oppressors from decision-making in future. We will not make any progress if we would try to hunt down people. For the same reason we will not mow down buildings, statues and monuments," says Mr Ngcukana. ■

"My Party will consider it an injustice if, on the national level, the ruling political party imposes its cultural and historical conceptions on the rest of the population."

House of Representatives (continued from page 9)

"The cultural heritage of a society arises from the recorded history of the country... everything that happened before 1652 is blacked out as barbaric and uncivilized."

House of Delegates (continued from page 8)

sugar production in Natal from its inception to date will amply substantiate their yeoman contribution to the economy of the country over the years.

"Sadly, there are other facts that are overlooked by the political decision-makers and writers of school history textbooks of today. For instance, Indians form the last minority political group in this country, yet they are the second largest contributors to tax!

"Subjected as they were on the subcontinent of India to almost the whole spectrum of iconoclasm since pre-Christian times, Indians have survived to preserve and to perpetuate their cultural heritage in countless forms. Will the Indian's cultural heritage survive in the new South Africa?

"Being a descendant of the humble but cultured indentured labourer, the Indian had the resilience to adapt to changing circumstances, politically, economically and socially. Backed by the international recognition of his pristine cultural heritage, the Indian South African appreciates the struggle for similar recognition of his fellow black South Africans. But, there is a caution to be heeded.

"Oppression – political or otherwise – and culture are no match in any duel: culture always survives. Therefore, in the new South Africa, the decision makers will do well to bear in mind the following:

- That names of cities, streets, airports, etc. should not be changed because they were given

by the so-called oppressors;

- That ethnic culture as well as the broad South African culture should be nurtured and preserved, for example, the traditional dress or cuisine of ethnic groups and the national flag or anthem; the mosaic syndrome lends richness to a nation;

- That funding for the restoration and the conservation of all cultural and historical items of local (ethnic) or historical importance be given without prejudice;

- That equity, social responsibility and democracy be the main criteria in determining what is of cultural or historical value worth preserving;

- That iconoclasm or downright vandalism be made legally a serious criminal offence.


"The new South Africa is going to be generous enough to accommodate all its citizens regardless of race, colour or creed, because the principal protagonists are drawn from the people by the people for all the people of this beautiful land of ours." ■

"There are worthwhile cultural items dear to specific ethnic groups and there are those items that transcend origins to assume national and international importance."

*Mr Oupa Ramachela,
media officer in the Department of Art and Culture of the ANC*

ANC (continued from page 9)

"The ANC has not yet got a firm cultural policy. A better defined cultural policy will emerge from the discussions which will have to be held with representatives of all the relevant groups in future."



The Civic Spine

SELDOM in the history of Johannesburg has a project of a public nature sparked as much controversy as the Civic Spine in the centre of town. Some hate it, others think they may grow to love it...

What it looks like

The Civic Spine project stretches from the Rissik Street Post Office to the City Library. An imposing water feature was erected in the centre of Rissik Street. In the Library Gardens provision has been made for two upmarket restaurants on top of a line of kiosks flanking the gardens along President and Market Streets, where more than 200 trees were planted along the widened and paved sidewalks.

The Civic Spine is intended to give the CBD a tree-lined focal point. It runs from the piazza in front of the Library through extensively re-designed gardens and two new fast food outlets above the underground car park access ramps on either side of the Library's fountain court, past the Cenotaph to the public square with its fountain in front of the City Hall – facing a proposed hotel in the existing Rissik Street Post Office.

Why a Civic Spine development?

The sprucing up of the Spine is part of an overall plan to revitalize Johannesburg's CBD, said Alderman Eddie Magid, the City Council's planning and development chairman, when announcing the R10,5 project.

His dream is to see a lively CBD, to turn downtown Johannesburg into an upmarket residential area, a place where people would want to live, to shop and to enjoy themselves.

He envisages young people returning to the

area, after an ambitious plan involving pedestrian walkways, sidewalk cafes, live entertainment and a new conference centre is completed.

Justifying the project, councillor Magid said major corporations had decided to invest millions of rands in the CBD as a direct result of the decision taken by the Council to upgrade the city spine – otherwise it would eventually have had a depressed appearance compared to the adjacent developments of the private sector.

"The Civic Spine provides an amenity to many who spend their lunch times and free moments in an area that is crowded with high-rise buildings with nowhere else to go at these times. The people for whom it was built, really enjoy the area," he said recently.

CBD chairman Stan Arenson believes the spine is a positive move to create something worthwhile in the CBD. He says some people will hate it initially, but eventually it will be accepted and people will come 'to want it'.

Various calls have in fact been received from organizations and individuals enquiring about the possibility of utilizing the Library Gardens area of the Civic Spine during lunch hours or weekends. Once regular events are being held, it is anticipated that activity in the area will be stimulated and that the Spine will become a true 'people's place', Magid said.

Already Wednesday is the weekly highlight for many an office worker who enjoys music. Various bands, mostly playing African jazz, provide free entertainment from 12h00 till 14h00.

Controversy and criticism


The execution of the project did not always progress smoothly. Shopkeepers, motorists and pedestrians complained bitterly about the disruption while the construction was in process. Shopkeepers and other tenants threatened legal action because of prolonged disruption.

Traditionalists complain that the square had always served as a public square. Old pictures show it littered with wagons and stalls, but always with open ground.

Now shops and buildings on Market and President Streets which once looked on to the Library Gardens face blank walls. The buildings will house restaurants and shops, but one question recurs: Does the city *need* them, and does it need them *there*?

The big yellow walls which bracket a section of the square are sharply criticized by people who want the square scraped bare again. Councillor Rae Graham is one of them, and also dislikes the twin 'spikes' in Rissik Street between the City Hall and the Post Office.

These "industrial sheds" have been fiercely criticized because they allegedly "truncate the west façade of the historic City Hall".



Controversy surrounds Johannesburg's newest addition, the Civic Spine. In a collection of three articles, Restorica examines the arguments for and against

Architect Willie Meyer, of Meyer Pienaar Smith Architects and Urban Designers who also designed the Rand Afrikaans University, is known for his sense of architectural drama.

He defends the high yellow walls saying that they will in time be covered by creepers, so that its texture is immaterial.

Angry motorists complained that they had their cars 'washed' every time they drove past the 'monstrous' fountain, which sprays cars as they drive down Rissik Street. The jets have had to be turned down drastically because of this. Critics maintain this now makes the obelisks appear totally out of scale.

Veterans and ex-servicemen claim that Johannesburg's proud memorial in honour of its war heroes, the Cenotaph, has been desecrated. Servicemen have accused the Council of destroying the area surrounding the memorial and called for the pulling down of the two-storey-high walls and restoration of the gardens.

Conrad Berge, secretary of the Johannesburg Metropolitan Action Group, called the Civic Spine an appalling piece of architectural terrorism and illegitimate planning.

Some people call it an unmitigated disaster. "The Council has wasted resources in mistaken priorities, it is an aesthetic failure and a slap in the face of the black community," writes architect Anthony Lange in the *Financial Mail*, May 1991. He points out that the project fails to take into account that Johannesburg has become an overwhelmingly black city. All the symbolism is borrowed from abroad and is inappropriate for South Africa, he alleges.

He also comments that the scale of the main square has been destroyed, as well as the setting of all the surrounding buildings.

